

PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare **koninkryk** ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaagliker dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

Nommer 14

- **Vir die Koninkryk -**

14 April 2010 AD

SKRIFKRITIEK EN DIE NUWE SA SAMELEWING

Inleiding

Deur die geskiedenis probeer die Satan en sy magte op allerlei maniere die kinders van God wegglei van hul taak om tot God's eer te heers (Gen.1:26-28) en om die Evangelie te glo en te verkondig onder alle volke in die wêreld (Matt.28:16-20).

Vanaf die Verligtingsrewolusie van die 17de eeu en verder, was dit veral die ideologieë van die Messiaanse staatsidee, Evolusionisme en die Hoër Kritiek beweging, wat alles in hul vermoë gedoen het, en nog doen, om die Christendom te probeer vernietig.

In hierdie artikel word daar net op die laaste misleiding ingegaan, naamlik die Hoër- of Skrifkritiek, wat sy oorsprong in die woorde van Satan self het: "Is dit ook so dat God gesê het . . . ?" (Gen.3:1)

Daar is ten einde slegs twee benaderings tot die Skrif, naamlik hulle wat begin met Jesus se "Skrifbeskouing": "Daar staan geskrywe . . . ", of die ander benadering, soos reeds genoem, wat begin met: "Het God werklik gesê . . . "

Die doel van hierdie artikel is nie om 'n gedetailleerde uiteensetting te gee van die Hoër Kritiese beweging nie, maar eerder net te wys op een aspek, nl. hoe 'n verkeerde teologie 'n verkeerde samelewing daar stel.¹

Skrifkritiek: "Het God werklik gesê . . . ?"

"Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?" (Joh.5:46,47)

Soos in die dae van Jesus Christus, is daar vandag nog baie geleerde in theologiese skole wat nie God se Woord net so wil aanvaar nie. In die Skrifkritiek word die mens se rede, en nie Godsopenbaring nie, die toetsteen van wat geglo word en wat nie. Die norm vir alle waarheid verskuif vanaf God se Woord na die mens se rede of verstand. In die Paradys reeds het die stryd begin waarin die mens, in plaas van om sy verstand te gebruik "om God se gedagtes agter Hom aan te dink," verander het

¹ Vir meer bronne oor die Hoër Kritiek, sien die bronne in die voetnotas, asook Totius se reeks 'Wat is Skrifkritiek? (Versamelde Werke, 1977, deel 1, bl.41-55). Sien ook:

http://en.wikipedia.org/wiki/Higher_criticism

<http://www.biblicalfoundations.org/pdf/02%20Trin%20J%20Historical%20Criticism%20of%20the%20Bible.pdf>

na die mens wat sy rede verhef om God en Sy Woord aan die mens se standaarde te toets (contra Spr.3:5).²

Die hoër kritiese metode strewe daarna om die historiese en literêre karakter van die Skrif krities te ondersoek, gebaseer op die basiese voorveronderstelling dat die Woord nie in sy geheel en in al sy dele volkome betroubaar en onfeilbaar is nie, met die gevolge dat hierdie geleerde hulself die reg toe-ein om rasionalistiese oordele te maak oor die Skrif se samestelling en historisiteit:

“Higher or historical criticism is concerned with the historical circumstances and literary characteristics of a passage. There are many types of higher criticism (e.g. form criticism, redaction criticism, source criticism, structural criticism, literary criticism). Traditionally historical criticism has been carried out from the standpoint of presuppositions which deny the utter truthfulness of Scripture, and thus it has been destructive and hurtful. The use of critical methodologies for biblical study does not require such presuppositions.”³

Die historiese verloop van die Skrifkritiek

Alhoewel die hoër-kritiek beweging beskou word as ‘n laat negentiende eeuse verskynsel vanuit die “German scholarship” tradisie,⁴ het dit sy oorsprong en fondamente veel verder terug in Verligtingsdenke van die 17de-19de eeu. Henning Graf Reventlow, in sy belangrike werk, *The Authority of the Bible and the Rise of the Modern World*,⁵ wys daarop dat die oorsprong van die Hoër Kritiek eerder gevind moet word in die Engelse Deisme as in die Duitse kritiese skole, terwyl R.K. Harrison die oorsprong terugneem na die sewentiende eeuse politieke filosoof, Thomas Hobbes.⁶

Die kritiese aanval word veral gerig op die volgende vyf dele van die Skrif:⁷

- i. Die Mosaïese outeurskap van die Pentateug word bevraagteken.
- ii. Die boek Jesaja word aan drie verskillende skrywers toegedig.
- iii. Daniël se profetiese voorspelings word bevraagteken (en daarom word die boek gedateer in die 2de eeu, nie meer in die 6/7 eeu soos in die tradisionele beskouing nie).
- iv. Pauliniese outeurskap van Efesiërs word bevraagteken.
- v. Outeurskap van 2 Petrus word bevraagteken.

² Cornelius Van Til, *The Doctrine of Scripture* (Phillipsburg, New Jersey: P and R Publishing Co., 1967), p.12-15.

³ W.A. Criswell, *Believer’s Study Bible* [file], electronic ed. , Logos Library System, (Nashville: Thomas Nelson) 1997, c1991 by the Criswell Center for Biblical Studies.

⁴ http://www.gracevalley.org/sermon_trans/Special_Speakers/Eta_Linnemann_Testimony.html

⁵ Philadelphia: Fortress Press, [1980] 1984.

⁶ *Introduction to the Old Testament* (Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, [1969] 1974, pp.9-10.

⁷ Norman L. Geisler (ed), *Inerrancy* (Grand Rapids, Michigan: Academie Books, 1980), p. 13.

Hierby kan ook gevoeg word die volgende voorbeeld: die sogenaamde weersprekking van Gen. 1 en 2, die Sinoptiese probleem (die Evangelies mekaar weerspreek), ontkenning van wonderwerke, ens.

Gaan kyk maar gerus na die nuutste studie Bybels in Afrikaans, onder andere *Die Bybel en Praktyk* en die *Die Bybellenium* om hierdie skrifkritiese lyne raak te sien.

Skrifkritiek -wat dus hoër kritiek insluit- is daarom enige Skrifbeskouing wat die volkommenheid, onfeilbaarheid, foutloosheid en betroubaarheid van die Skrif betwyfel, en dus enige van die Bybel se uitsprake betreffende die geloof, geskiedenis of wetenskap, eers wil toets aan die mens se rasionalisme voordat dit as waar aanvaar kan word.

Ten einde kritiseer ons dan die Bybel en nie die Bybel vir ons nie, en moet die Bybel by ons omstandighede en tyd aangepas word (via sosio-historiese studies), i.p.v. dat ons volgens die Bybel reformeer en lewe. Skrifkritiek setel dan ook die “moeilikhede, teenstrydighede en probleme” in die sogenaamde hermeneutiese probleem en nie in -soos die Bybel ons leer- die sondigheid en opstandigheid van die gevalle mens nie (Jer.17:5; Rom.1:18ev; 3:10-20). Die gevolg is dat die (post)moderne mens met sy ongelowige wetenskap en tegnologie nou op al die antwoorde sal afkom; terwyl die Bybel “onverstaanbaar, onduidelik en vreemd” geword het, en hoogstens deur ‘n paar geleerders verstaan kan word.

Die sosiale gevolge van Skrifkritiek

Die praktyk van Skrifkritici kom dan daarop neer dat die Bybel gesien word as ‘n godsdienstige boek vol foute met mites en verhale om mense religieus te inspireer, en daarom het baie van hierdie skrifkritiese geleerders soetsappige populêre motiverings-godsdienstige boekies geskryf om nog sin te maak van die lewe, los van die gesag van die Bybel.⁸ Maar, die Bybel is nie meer die finale en hoogste openbaringsboek en gesagsboek vir die mens nie (die mens met sy rede is wel), soos Gary North dit stel:

“The Deists’ attack on the divine authority of the Bible was not simply a product of the scholar’s dusty study. It was closely associated with warring social and intellectual movements of the day.”⁹

North gaan verder en haal vir dr. James Barr aan - wat self as ‘n modeme liberale teoloog beskou kan word - om te wys op die onmisbare band tussen Bybelse hermeneutiek en sosiale optrede [dit was in die 16de en 17de eeu en verder], wat dus die hele lewe raak:

⁸ 24 Sien die volgende Skrifkritiese werke: F. Deist, *Kan ons die Bybel nog glo?* (Pretoria: J.L. van Schaik, 1986); *Sê God so?* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1982); Botha, Deist en Veldsman, *Kan God Spyt kry?* (Halfway House: Orion, 1995); enige ander werke van Deist; Chris Jones & Len Hulley (red.): *Wonder jy ook...? Gedagtes oor omstrede kwessies van ons dag* (Kaapstad: Lux Verbi, 1997). Ironies genoeg, is die Skrifkritici se titels mooi in lyn met hul ‘vader’ se twyfelagtige teologie (Gen.3: 1; Joh.8:43,44).

⁹ *The Hoax of Higher Criticism* (Tyler, Texas: Institute of Christian Economics, 1989), p.12

“Church and state formed a single continuum, and political and theological questions were seen as interdependent. Questions about power and legitimacy rested in a high degree upon exegetical and interpretative ideas. ... For it was the Old Testament, as it seemed, that offered guidance about king and state, about a commonwealth organized under the divine statutes, about law and property, about war, about ritual and ceremony, about priesthood, continuity and succession. All of this was a disputed area from the Reformation onwards; because these were controversial matters in church and state, they generated deep differences in biblical interpretation. It was precisely because the Bible was assumed on all hands to be authoritative that it stimulated new notions about its own nature. It was because men sought answers to problems of life and society, as well as of thought and belief, that the Bible stimulated ‘critical’ modes of understanding itself.”¹⁰

Oor die algemeen is die Bybel, tot en met na die Reformasie, gesien as die “handboek” vir die hele lewe, vir beide verlossing (evangelietaak) en die daaglikse lewenstaak (kultuurtaak). Die doel van die deistiese skrifkritici was om, deur die betroubaarheid van die Ou Testament te bevraagteken, huis die naelstring en eenheid met die Nuwe Testament te knip, sodat die Christendom net as nog ‘n moralistiese opvoedkundige idee beskou kan word om die morele gewete van die mens en samelewing te verlig. Die uiteinde daarvan was egter dat op die langtermyn, die Nuwe Testament ook bevraagteken en betwyfel is (sien o.a. die opkoms van die ‘Jesus Seminar’ beweging [in navolging van Bultmann se ontmitologiserings-teologie] aan die einde van die 20ste eeu).

Die sosiale doel vir die Deiste was om Bybelse reg (God se wette soos veral gevind word in die Pentateug) te vervang met die natuurregidee, waarvan die menseregte kultuur van vandag die natuurlike produk is. Die Skrifkritiese aanval was dus ‘n fundamentele aanval op die Christelike kerk en beskawing en ‘n fundamentele bousteen van die opkomende modeme humanistiese samelewing waarin ons ons nou bevind. Die basiese gevolg van die opkoms van die Verligtings-humanisties geïnspireerde Skrifkritiek, was soos volg:

“... the Bible lost its significance for philosophical thought and for the theoretical foundations of political ideals, and ethical rationalism (with new foundation in Kant’s critique) proved to be one of the forces shaping the modern period, which only now can really be said to have began.”¹¹

Gevolge van die Skrifkritiek

Die uiteinde van Skrifkritiek is dus dat die mens op aarde nie meer die Bybel as hoogste en finale gesag het nie (dalk net vir sy persoonlike binnekamer-godsdiens of as onvlugting uit hierdie wêreld deur transidentale ‘meditasie’, wat eintlik nader is

¹⁰ .*Ibid.*, p.13 (James Barr, ‘Foreword,’ Reventlow, *Authority of the Bible and the Rise of the Modern World*, p.xiii).

¹¹ Reventlow, *ibid.*, p.413-414.

aan Budhisme as die Christelike geloof). Die gelowige het geen meer finale toetsteen waaraan hy sy *hele* lewe oor die algemeen kan meet nie. Dit beteken veral dat die Bybel ook nie iets te sê het vir die samelewing, soos bv. Die opvoeding, politiek, ekonomiese, regte, misdaad, ens., nie. Die Evangelie van Jesus Christus word ten laaste betwyfel, alhoewel dit met die eerste betwyfeling al reeds in die slag gebly het (skeur die eerste bladsye van die Bybel uit, dan val die laaste bladsye ook uit).

Die mens is dus oorgelaat aan homself om uit die natuur en vele godsdiens en filosofieë, die doel, betekenis en rigting in die lewe te probeer vind (Hand.17:21).

Die gevolge is die godsdiensstige, intellektuele, ekonomiese en morele verval van die hedendaagse samelewing waarin ons ons bevind, en waarop die kerke geen antwoordé het nie, want tereg soos die Skrif leer: “As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?” (Ps.11:3)

Skrifkritiek in Suid Afrika

In Suid Afrika, het die Skrifkritiek ook sy verwoestingspad geloop, veral deur ‘antropoloë’ soos Deist en sy volgelinge op verskillende teologiese skole.¹² Tot en met die sewentigerjare is dit ‘redelik’ suksesvol bekamp, maar dit het geleidelik onder “Barthiaanse” verdraagsaamheid sy weg gevind in Suid Afrikaanse teologiese skole. Die meeste teoloë sal ruiterlik ontken dat hul “skrifkrities” is, maar in die praktyk het dit sy vashouplek gekry. Jurie Le Roux¹³ skryf dat sedert die sewentigs is die hoër kritiese benadering sy “rightful place” gegun in die Ou Testamentiese studies in Suid-Afrika, toe die Unisa teologiese fakulteit die voortou begin neem het met die verspreiding van die Skrifkritiek in S.A.¹⁴

Le Roux wys verder daarop dat dit ‘n fout was dat ons in SA die Aufklarung (Verligtingsdenke van 16/17de eeu) - met sy twee kleinkinders: die Kantiaanse Copernikaanse denke, en die histories-kritiese metode - gemis het. Dit was vir Le Roux die “missing link” wat die Ou Testamentiese studies gekort het hier in S.A.¹⁵ Ferdinand Deist¹⁶ was egter die man om hierdie nuwe geloof, skrifbeskouing en lewensbeskouing in Suid Afrika te populariseer, soos Le Roux met ‘n groot blydskap, in die volgende baie betekenisvolle woorde opmerk:

“It was a fine day for Old Testament scholars at Unisa and Pretoria when Deist joined their ranks in January 1977. Like Caleb, he had a different spirit (Nm 14:24). He was to mould the thoughts of many and to become a major intellectual force exerting a far-reaching influence on students as well as colleagues. By means of his many books, articles and study guides he shaped

¹² Sien die *Kerkblad* van 24 September 1997 se huldeblyk:

¹³ OT professor aan NG Fakulteit, Pretoria (UP). Ek weet nie of hy nog steeds daar sy gif versprei of al reeds afgetree het nie.

¹⁴ JH Le Roux, *A Story of Two Ways: Thirty Years of Old Testament Scholarship in South Africa* (Pretoria: Verba Vitae, 1993), p.27.

¹⁵ *Ibid.*, p.26.

¹⁶ Insiggwend dat die man wat die vader van die Hoër Kritiek ideologie hier in S.A. was, se van so ooreenstem met die naam van die beweging wat die fondamente daarvoor gelê het in die 17de eeu: die Deiste.

the minds of his students and equipped them theologically ***for a new society.***¹⁷

Inderdaad, Deist was seker saam met Johan Heyns, die twee teoloë wat die grootste invloed uitgeoefen het op die kerke van S.A. in die twintigste eeu, en kan die laaste woorde van Le Roux tereg aanvaar word, naamlik dat Deist, direk en indirek deur sy invloed, die theologiese fondamente gelê het vir die Nuwe S.A.

Deur Deist en kollegas se invloed op soveel teoloë en predikante,¹⁸ en deur die predikante en kerke op Afrikaanse politieke leiers en denkers, is die calvinisme as wortel van ons volksbestaan,¹⁹ is die gereformeerde teologie en lewensbeskouing van die Afrikaners en Afrikaanse kerke, vermeng (sinkretisme) met 'n verligtings-skrifkritieke denke en lewensbeskouing, wat die weg gebaan het vir 'n natuurreg-menseregte nuwe SA.

Miskien moet die ongewilde vraag gevra word: lê die blaam vir die kerklike, morele, ekonomiese en staatkundige verval in S.A. nie meer by wat in Januarie 1977 gebeur het (en die gevolge daarvan), as om alles te wil blameer op die sogenaamde 'euwel van apartheid' nie ?

Watter 'spirit' is dit wat werksaam is deur die Verligtingsdenke en geloof sedert 1977 in ons theologiese skole, want ons sien nie die groter reformasie onder ons kerke en in ons land nie ? Inteendeel is daar net groter en groter geestelike en samelewingsverval.

Daar moet onthou word dat Skrifbeskouing (en teologie oor die algemeen) alles te doen het met 'n mens se lewensbeskouing, soos North dit duidelik uitwys met die verband tussen teologie en sosiale ordes.²⁰

Die kritiese teologie - in sy verskeie vorme- wat Unisa en ander instansies Suid-Afrika ingestuur het, het geleidelik daartoe gelei dat al hoe meer mense die Skrif se finale gesag oor leer en lewe begin bevraagteken het. Die Woord as finale en hoogste standaard en norm om die nuwe SA te vorm in sy wetgewing, het geskitter in sy afwesigheid onder die FW geslag in die 90'er jare van die vorige eeu. Wie weet, dalk was dit omdat daar heeltyd in die politieke leiers se ore deur hul predikante en teoloë gefluister is dat God se wet nie meer vir vandag geld nie (maar dit is die OT! ...) ?

Myns insiens, het die kritiese teologie (met die Barthianisme as brugbouer), direk of indirek die weg voorberei vir die nuutste "isme," naamlik die postmodernisme wat soos 'n golf oor Suid-Afrika gespoel het. Hierdie nuwe dogma het die Bybel as waarheid vervang met 'n nuwe waarheid: "daar is nie 'n absolute reg en verkeerd

¹⁷ Le Roux, *ibid.*, p.33. Beklemtoning bygevoeg.

¹⁸ <http://proregno.files.wordpress.com/2010/04/deist-hvr.pdf>

¹⁹ <http://proregno.wordpress.com/2010/02/04/calvinisme-as-wortel-van-ons-volksbestaan/>

²⁰ Gary North, *Crossed Fingers: How the Liberals captured the Presbyterian Church* (Tyler, Texas: Institute of Christian Economics, 1996).

nie.” Die gevolge is wat ons vandag sien: die totale verval in die gesins-, kerk- en sosiale lewe in Suid Afrika, die gevolg van die verligtingsgeloof en lewensbeskouing.

Sien bv. die boek van Willem de Klerk, broer van FW de Klerk, *Die vreemde God en sy mense*.²¹ Dit wys vir ons die band tussen die verligtingsgeloof en die nuwe SA. De Klerk se Gods- en Skrifbeskouing (wat nie meer op Skrif en belydenis gebaseer is in die boek nie, maar op die verligtingsdenke inlyn met die postmodernistiese tydsgees), gee erkenning aan sy teologiese bronne op bladsy 50, waar onder andere Deist en Spangenberg aangehaal word.

Laasgenoemde, het ten einde die volle konsekwensies van sy leermeester, Deist, se kritiese teologie deurgetrek (as die OT bevraagteken word, hoekom nie ook die NT nie? As ons wegdoen met die eerste Adam as mitologiese figuur, hoekom nie ook die tweede Adam as mitologiese figuur nie?) = die ontkenning van die Godheid, maagdelike geboorte, opstanding en hemelvaart van Christus.

Ten minste is Spangenberg ‘n meer eerlike ‘teoloog’ as Deist en sy geslag, ja, heeltemal verkeerd, maar ten minste eerlik en konsekwent volgens die kritiese teologie wat hy aanhang en van Deist ontvang het. Deist en sy geslag het hul ongeloof en twyfel oor God en sy Woord agter hul soetsappige boekies en skyn van geloof weggesteek, maar die wrange vrugte daarvan, die vervalle kerk en samelewing van die nuwe SA, getuig ten hemele teen hierdie Skrifkritiese geslag wat die Bybel as fondament van ons politiek-sosiale orde help vernietig het, en nou sien ons al meer die slechte vrugte (baie meer duiwels wat kom woning maak in die nuwe SA).

Slot

Ten einde, om die evangelie- en kultuurtaak getrou en gehoorsaam uit te voer, op alle ander terreine van lewe en denke midde die nuwe SA en al sy uitdagings - is dit essensieël dat ons verseker is van ons geloof in Christus Jesus (2 Tim.4: 14,15) en dat ons weet dat die hele Skrif deur God aan ons onfeilbaar deurgegee is (2 Tim.3:16,17).

Die Skrifkritiek, met sy hedendaagse postmodernistiese lewensbeskouing as uitvloeisel, “... wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kom nie ...,“ (2 Tim.3 :7), vernietig daardie fondamente by baie kinders van God, en moet aldus ontbloot en verwerp word.

En, as ons bevind dat ons teologiese skole Skrifkritiek aanvaar of akkomodeer, en dit nie wil laat vaar nie, dan moet ons ander teologiese skole gebruik of ander begin waar geloofswetenskap, en nie skrifkritiese wetenskap nie, beoefen kan word tot eer van God en tot opbou van sy gemeentes hier in SA.

Terug na die Heilige Skrif en die gereformeerde belydenis !

²¹ (Kaapstad: Human en Rousseau, 1998).

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville. Alle artikels word deur die redakteur geskryf, tensy anders vermeld.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: <http://proregno.wordpress.com/>

“As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op” – Maarten Luther